# HILLCREST HIGH SCHOOL

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3

NOVEMBER 2014

EKSAMEN

GRAAD 10

PUNTE : 100

TYD : 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit *8* bladsye.

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   | | | |
   |---|---|---|
   | AFDELING A : | Opstel | (50) |
   | AFDELING B : | Langer transaksionele teks | (30) |
   | AFDELING C : | Korter teks: Naslaan-, informatiewe en transaksionele tekste | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

4. Jy moet AL jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elkeen van die afdelings skryf.

5. Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Doen dit in potlood. Trek 'n streep deur die beplanning nadat jy die finale produk geskryf het.

6. Beplan jou tyd só:

   AFDELING A : 80 minute
   AFDELING B : 40 minute
   AFDELING C : 30 minute

7. Nommer elke teks soos dit op die vraestel genommer is.

8. Skryf die titel/opskrif van elke teks bo-aan jou skryfstuk neer.

9. **LET WEL:** Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.

10. Skryf die getal woorde wat jy gebruik het, onderaan elke teks.

11. Skryf netjies en leesbaar.

12. Vul jou buiteblad volledig in.


***STERKTE!!!***


**AFDELING A : OPSTEL**

**VRAAG 1**

- Kies EEN onderwerp en skryf 150 – 200 woorde oor dié onderwerp.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan.
- Skryf die getal woorde wat jy gebruik het, onderaan.

1.1 **My toekomsplanne**








Wat is jou toekomsplanne vir wanneer jy klaar is met skool? Gaan jy studeer/reis/die jaar afvat? Gaan jy in Suid-Afrika bly of wil jy immigreer na 'n ander land? Vertel. [50]


**OF**

1.2

**"Daar is geen groter geskenk as die liefde van 'n kat nie!" - Charles Dickens**

**Wie ookal gesê het jy kan nie geluk koop nie, het vergeet van klein hondjies! - Gene Hill**





1.6.3



[50]

TOTAAL VIR AFDELING A: 50

**AFDELING B : LANGER TRANSAKSIONELE TEKS**

**VRAAG 2**

- Kies EEN onderwerp en skryf 120 – 150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan die skryfstuk neer.
- Onthou om eers te beplan en 'n eerste poging te skryf.
- Skryf die getal woorde onderaan.

2.1 **VRIENDSKAPLIKE BRIEF**

Jy en jou ouers beplan 'n wonderlike vakansie saam hierdie Desember vakansie. Skryf nou aan 'n maat en vertel hom/haar van al julle planne: wanneer julle vertrek, watter vervoer julle gaan gebruik, waarheen julle gaan, wat julle by daardie plek(ke) gaan doen en wanneer julle gaan terugkom.




[30]

**OF**

## 2.2 INFORMELE TOESPRAAK



Dit is jou suster se troue en jy is gevra om 'n spesiale toespraak by die onthaal (reception) te gee. Jy is gevra om oor die bruidspaar (wedding couple) te praat en 'n heildronk in te stel (propose a toast) op die twee. Praat oor hoe / waar hulle ontmoet het, noem snaakse insidente en gee jou wense vir hulle toekoms saam. [30]

**OF**

## 2.3 ONDERHOUD

Jy het die geleentheid (opportunity) gekry om jou gunsteling sportster te ontmoet. Voer nou 'n onderhoud vir jou skool se koerant met die persoon.

Onthou om dit in die vorm van 'n dialoog te skryf. [30]

TOTAAL VIR AFDELING B: 30

**AFDELING C : KORTER TEKS: NASLAAN-, INFORMATIEWE EN TRANSAKSIONELE TEKSTE**

**VRAAG 3**

- Kies EEN onderwerp en skryf 80 – 100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp bo-aan.
- Onthou om te beplan en 'n eerste poging te wys.

3.1 **NOTA**

Jy moet na skool sport oefen, maar jou ma sms jou dat sy jou nie so laat kan kom haal nie, want sy moet jou ouma hospitaal toe neem. Jy kry nie jou afrigter (coach) in die hande nie, daarom skryf jy 'n nota aan hom/haar waarin jy om verskoning vra en verduidelik hoekom jy nie by die oefening kan wees nie. [20]

**OF**

3.2 **DAGBOEKINSKRYWING**

Vandag by die skool het jy 'n skokkende (shocking) ding gesien. Skryf nou daaroor in jou dagboek.

[20]

**OF**

3.3 **INSTRUKSIES**




Skryf puntsgewys neer hoe om 'n heerlike koppie koffie te maak. Skryf minstens 8 stappe neer.

[20]

TOTAAL VIR AFDELING C: 20

SOMTOTAAL : 100